VINPRO MSW
Registrasienommer: 2008/012968/08

# KENNISGEWING AAN LEDE

Hiermee word kennis gegee dat die sewentiende (17de) jaarlikse Algemene Vergadering van lede van VinPro MSW gehou sal word op **Dinsdag 28 Oktober 2014** om 10:30 by Delvera Restaurant, Stellenbosch met die doel om:

1 Die geouditeerde finansiële state vir die jaar geëindig 30 June 2014 te oorweeg en goed te keur.

2 Twee direkteure te kies in die plek van die volgende dienende direkteure wat ingevolge die Akte van Oprigting beurtelings aftree:

- HM Botha (Worcester)
- JH Krige (Stellenbosch)

Aftredende direkteure is herkiesbaar en stel hulself weer verkiesbaar. Die persone word kragtens Skedule 4, Deel A (v) van die Akte van Oprigting geag genomineer te wees.

LET WEL: Alle nominasies vir direkteure moet voldoen aan Skedule 4, Deel A (vii), (ix) en (x) van die Akte van Oprigting.

- dat 'n lid as direkteur verkiesbaar is alleenlik indien hy skriftelik deur lede in die betrokke gebied genomineer is op 'n behoorlik voltooide nominasievorm wat vir hierdie doel by die sekretaris verkrygbaar is;
- dat nominasievorms behoorlik geteken moet wees deur 20 lede wat bevoeg is om vir 'n direkteur vir 'n bepaalde gebied te stem en vergesel moet wees van 'n skriftelike verklaring van die genomineerde dat hy homself verkiesbaar stel as direkteur vir daardie gebied; en
- dat slegs lede wat in die jaar voorafgaande aan die jaar waarin vir 'n direkteur gestem moet word wynboerdery in die gebied beoefen het en wat steeds lid van die maatskappy is, vir 'n direkteur mag stem.

NOTA: Om geldig te wees, moet voltooide nominasievorms die Sekretaris by VinPro MSW, Posbus 1411, Suider Paarl, 7624, nie later as Vrydag 10 Oktober 2014 om 09:00 bereik nie.

3 Die heraanstelling van PricewaterhouseCoopers Geïnk as ouditeure goed te keur.

4 Die lede van die dissiplinêre tribunaal goed te keur:

- JH Krige
- J le Roux
- IB van der Vyver

5 Die volgende spesiale besluite te oorweeg en indien goedgevind, met of sonder wysiging goed te keur soos vereis deur die Maatskappywet, Nr. 71 of 2008:

5.1 Spesiale Besluit Nr 1 –
Die vergoeding van direkteure

Dit is BESLUIT deur middel van 'n spesiale resolusie dat, kragtens artikel 66(9) van die Maatskappywet van 2008 (Wet 71 van 2008), soos gewysig ("die Maatskappywet"), die maatskappy hiermee gemagtig is om sy direkteure vir hul dienste as direkteure te vergoed en/of die relevante fooie te betaal, soos voorgestel deur die vergoedingskomitee en goedgekeur deur die raad van direkteure, met dien verstande dat hierdie gesag van krag is tot die datum van die volgende algemene jaarvergadering.

5.2 Spesiale Besluit Nr 2 –
Finansiële bystand aan VinPro filiale

Dit is BESLUIT deur middel van 'n spesiale resolusie dat, kragtens artikel 45(3)(a)(ii) van die Maatskappywet van 2008 (Wet 71 van 2008), soos gewysig ("die Maatskappywet"), as 'n algemene goedkeuring, die raad van die maatskappy hiermee gemagtig is om goed te keur dat die maatskappy enige direkte of indirekte finansiële bystand ("finansiële bystand" sal hier die betekenis aanneem soos gestipuleer in artikel 45(1) van die Maatskappywet) soos die raad mag goed ag, aan enige maatskappy of korporasie mag verleen wat verwant of onderling verwant is ("verwant" of "onderling verwant" neem hier die betekenis aan soos in artikel 2 van die Maatskappywet) aan die maatskappy, volgens die terme en voorwaardes en vir die bedrae soos bepaal deur die raad van die maatskappy, met dien verstande dat die voorgemelde goedkeuring geldig sal wees tot die datum van die volgende algemene jaarvergadering van die maatskappy.

6 Afhandeling van ander algemene sake wat op 'n algemene jaarvergadering behandel kan word.

In opdrag van die raad van direkteure.

PC BOTHA
Sekretaris

3 Oktober 2014

Geregistreerde kantoor adres: Hoofstraat 57, Suider Paarl, 7646
Posadres: Posbus 1411, Suider Paarl, 7624
Telefoon: (021) 276 0429
Faks: 086 611 7597
E-pos: info@vinpro.co.za

VINPRO MSW

Registrasienommer: 2008/012968/08

VinPro

# VOLMAG

Ek (volle naam)______________________________________________________, (lidnommer) _________________________________ synde 'n lid van

VinPro MSW, stel hierby aan ______________________________________ of in sy afwesigheid die voorsitter van die raad van direkteure, of in sy afwesigheid die voorsitter van die vergadering as my gevolmagtigde om namens en ten behoewe van my soos volg te stem op die algemene jaarvergadering van die maatskappy wat gehou sal word op 28 Oktober 2014 en op enige verdaging daarvan.

| | Vir | Teen | Buite stemming |
|---|---|---|---|
| Besluit (1) Goedkeuring van finansiële state | | | |
| Besluit (2) Verkiesing van direkteure | | | |
| – Worcester-gebied | | | |
| – Stellenbosch-gebied | | | |
| Besluit (3) Aanstelling van PricewaterhouseCoopers as ouditeure | | | |
| Besluit (4) Lede van die dissiplinêre tribunaal | | | |
| Besluit (5) Spesiale besluite | | | |
| 5.1 Spesiale Besluit Nr 1 – Die vergoeding van direkteure | | | |
| 5.2 Spesiale Besluit Nr 2 – Finansiële bystand aan VinPro filiale | | | |

Tensy hierbo anders opgedra, kan my gevolmagtigde stem soos hy goeddink.

Handtekening__________________________________________ Geteken hierdie _________________ dag van ______________________________ 2014

Adres__________________________________________________________________________________________________________

LET WEL:

1 'n Lid wat geregtig is om die vergadering by te woon en te stem het die reg om 'n gevolmagtigde te benoem om die vergadering in sy plek by te woon, te praat en te stem hetsy by opsteek van hande of met stembriefies. 'n Gevolmagtigde hoef nie 'n lid van die maatskappy te wees nie.

2 Hierdie volmagvorm, behoorlik voltooi en onderteken, moet die kantoor van die maatskappy bereik, nie later nie as twee-en-sewentig uur (Saterdae, Sondae en openbare vakansiedae uitgesluit) voor die tyd bepaal vir die hou van die vergadering.

3 Volgens die Maatskappywet moet meer as 50% van die stemme van stemgeregtigde lede gewone besluite ondersteun vir sulke besluite om aanvaar te word. Vir spesiale besluite om aanvaar te word, moet sulke besluite deur meer as 75% van die stemme van stemgeregtigde lede ondersteun word.